

THEOPHILUS SHEPSTONE EN DIE ANNEKSASIE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK — 'N NABETRAGTING

Staatsmanne wat die laaste dae van hulle lewe in vertwyfeling en frustrasie moes slyt, is in die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie skaars nie. Nie dat ek nou eintlik vir Sir Theophilus Shepstone, waarskynlik die grootste kenner van die Bantoe in suidelike Afrika wat nog tot op hede na vore getree het, in die kategorie van staatsmanne gaan plaas nie. Miskien wil ek hom tog vir 'n wyle in hierdie lig sien, aangesien hy vir 'n wyle op die rand van hierdie terrein beweeg het. Maar aan die anderkant weer tog ook nie heeltemal 'n staatsman nie, maar miskien meer die instrument in die hande van 'n Britse Imperialistiese staatsman.

Op die gebied van die Bantoe-Administrasie het Theophilus Shepstone diep spore getrap. Op 'n keer het John X. Merriman opgemerk: „The Natal Native Policy is summed up in one word . . . Shepstone.”¹ Dit was dan inderdaad ook die geval gewees. Vir bykans dertig jaar het hy aan die hoof van die Bantoe-Administrasie in Natal gestaan: eers in die hoedanigheid as Diplomatieke Agent en toe, vanaf 1856, toe die nuut geanneksierde Britse kolonie verhoogde status gekry het, as Sekretaris van Naturelle-sake. Edgar Brookes was nie ver van korrek toe hy van Shepstone se werk onder die Bantoe in Natal geskryf het dat . . . „After . . . (his) . . . guiding hand was withdrawn even after his death, to the present day, the whole fabric of Native institutions and Laws in Natal remains a monument to his great life-work.”² Die sukses wat hy behaal het ten opsigte van die administreer van die Bantoe in Natal, moet toegeskryf word aan sy deeglike kennis van die gewoontes, sedes, tradisie en taal van die Bantoe; sy mislukking op die gebied van die staatsadministrasie, sy onkunde in hierdie verband.

Dit was ongelukkig dat dit huis Shepstone moes wees wat die opdrag sou kry om as instrument van die nuwe Britse Imperialisme die Suid-Afrikaanse Republiek te gaan anneksieer. Op die politieke terrein was hy ontuis. Waarskynlik was Sir George Napier profeties daartoe geïnspireer toe hy aan die begin van Theophilus se loopbaan in 1839 aan hom geskryf het, „ . . . to impress on your mind the absolute necessity of your keeping free from all party or political bias . . . ”³ Sir George het van die jong Shepstone hoë verwagtings gekoester. In dieselfde, amper vaderlike brief, skryf hy verder: „ . . . I am perfectly satisfied, that from your high principles of honour and, integrity, so well maintained throughout your conduct as caffer Interpreter, and so strongly borne witness to by His Honour Captain Stockenstrom, that should Lord Glenelg confirm you in the office, (of which I can scarcely have a doubt), I should have every reason to be

1. Rapport van die Gekose Komitee van die Kaapse Wetgewende Raad insake die Basoetoelandse Anneksasie-Wetontwerp, 1871, p. 27.
2. Brookes, E. H.: *The History of Native Policy in South Africa from 1830 to the Present Day*, p. 41.
3. S.V.18: Napier aan Shepstone, 3 April 1839. Brief aan Shepstone ten tye van sy aanstelling as *Political Agent to the Caffer Tribes* op die oosgrens.

well satisfied with and proud of my recommendation.”⁴ Op die gebied van die Bantoe-Administrasie het Shepstone dan ook altyd huis gevoel en kon hy werklik met gesag praat en met gesag handel. En toe John Bird in 1885 aan Shepstone skryf insake die toekomstige bestuursvorm vir die vinnig ontwikkelende Natal, was die oorwegende faktor daar toe Shepstone se kennis en ondervinding op die gebied van Bantoe-Administrasie. ’n Beleid ten opsigte van die Bantoe het, soos in die res van Suid-Afrika, ’n bepalende faktor ook in die landsbestuur geword. Ten aanvange wys Bird daarop dat Shepstone se jarelange ondervinding insake die beheer en bestuur van die Bantoe-bevolking, hom daar toe in staat sal stel om ’n konstruktiewe bydrae te lewer tot die uitwerk van ’n bestuursvorm waarin ook die Bantoe ’n volwaardige plek sal hê.⁵ Hy skryf verder: „The question at issue is the form of government suited to a country in which there is a population of 35,000 Europeans (counting those of both sexes and all ages) and 400,000 natives; the two races being alien to each other, and having many conflicting interests.”⁶ Vir Shepstone sou dit geen probleem wees om hier ’n konstruktiewe bydrae te lewer nie, want sy aanbeveling sou gegrond wees op ervaring uit sy lang loopbaan onder die Bantoe in Natal.

In 1877 sou hierdie man se loopbaan ’n heel ander rigting inslaan — hy sou politikus word. Dit was waarskynlik een van die grootste flaters van sy openbare lewe. Van nou af sou hy te doen kry met die harde, ongenaakbare politieke lewe, ’n lewe wat vir hom geheel en al vreemd was. Ofskoon die aanvang suksesvol was en selfs belowend gelyk het, sou die einde grens aan die tragiese. Met die anneksasie van die Suid-Afrikaanse Republiek het Shepstone die nuwe Britse Imperialisme in suidelike Afrika in die hoogste versnelling geplaas. Die gevolge sou verreikend wees. Dit was nie ’n gebeurtenis wat net tot ’n sekere deel van Suid-Afrika beperk sou bly nie, maar dit was bereken om die begin te wees van ’n groot-skaalse omverwerping van gevestigde Afrikanerbeginsels en -instellings. Nadat Carnarvon se planne in die Kaapkolonie misluk het, was hy vasbeslote dat die Suid-Afrikaanse Republiek die uitgangspunt moes wees in sy poging om die verskillende Suid-Afrikaanse geweste onder Britse vlag te verenig.⁷ Shepstone sou die man wees wat hierdie vergesigte van Carnarvon ’n werklikheid moes maak — ’n besonder eienaardige keuse. In hierdie verband skryf Edgar Brookes: „When we add the unfortunate and questionable, but daring episode of 1877, we are bound to say Sir Theophilus Shepstone’s life — to plagiarise — that it was stranger than most men’s dreams. Few figures of South African history are more baffling enigmas.”⁸ Rider Haggard, een van die lede van Shepstone se personeel wat hom na die noorde vergesel het, skryf later insake Shepstone se anneksasie-opdrag: „When the vastness of the territories and the questions concerned are con-

4. Ibid.

5. S.V.12: Bird aan Shepstone, 1 Augustus 1885.

6. Ibid.

7. Van der Walt e.a.: *Geschiedenis van Suid-Afrika, Deel I*, p. 401.

8. Brookes, E. H.: *op cit.*, p. 41.

sidered, this was a great authority to leave to the discretion of a single man.”⁹

Kort voor Shepstone se uititrede as Sekretaris van Naturellesake in Natal, is die Gladstone-administrasie deur dié van Disraeli vervang. Lord Carnarvon, ’n man wat ’n kenner van koloniale sake was, was sy Minister



Sir Theophilus Shepstone.

(Foto: Killie Campbell-biblioteek)

van Kolonies. Onder andere was hy verantwoordelik vir die federasie van Kanada in 1867 en dit is dan ook geensins vreemd dat hy, aangespoor deur hierdie sukses, ook in Suid-Afrika ’n nouer samesluiting tussen die verskillende gebiede wou teweegbring. In Suid-Afrika sou dit egter nie so voorspoedig gaan nie. Afgesien van die feit dat John Molteno, wat nie

9. Haggard, R. H.: *The Days of My Life*, Vol. I, p. 73.

die selfbeskikkingsreg van die Kaapkolonie enigsins in gevaar wou stel nie, nie eintlik te vinde was vir Carnarvon se federasieplan nie het, in 1872, Thomas Francois Burgers president van die Suid-Afrikaanse Republiek geword. Hierdie idealistiese en energieke president sou 'n groot struikelblok vir Carnarvon en sy planne wees. In 1876 skryf die *Natal Witness* van Burgers: „A few more such men as President Burgers would turn a small state into a great nation. It is the misfortunes of the Transvaalians that they have only one such man, or, if they have more, that the rest are not recognised.”¹⁰ President Burgers het egter die bestuur van die Suid-Afrikaanse Republiek in moeilike omstandighede oorgeneem. Die Keate-uitspraak het verwarring geskep; die finansiële posisie van die land was in 'n uiters swak toestand en ook op ekonomiese gebied was die toekoms alles behalwe belowend. Afgesien hiervan was die modieuze en welsprekende Thomas Francois Burgers, met sy liberale en ietwat moderne godsdiens-beskouing, vir baie van die burgers nie aanvaarbaar nie.¹¹ In die gees was hy ver van hulle verwyder en in baie opsigte het hy nie die nodige geestelike kontak met die burgers gehad nie. Tydens sy besoek aan Europa het hy sy ideale vir Suid-Afrika in die geheel, tydens 'n banket gehou ter ere van hom in Amsterdam, as volg uiteengesit: „. . . within half-a-century there would be in South Africa a population of eight million of souls, all speaking the Dutch language and all extending the glory of Holland — a second as energetic and liberty-loving as the old republic, but greater in extent, greater in power.”¹² Vanselfsprekend dus dat president Burgers en Sir Henry Barkly, laasgenoemde Hoë Kommissaris van 1870 tot 1876 van Brits-Suid-Afrika, lynreg teenoor mekaar te staan gekom het. Al gou het Barkly besef dat die President nie sonder handskoene aan te pak is nie.

Die Keate-uitspraak het nie die gewenste uitwerking gehad nie en toe die besef tot die Bantoe deurdring dat die Britse regering nie soseer in hulle welvaart belangstel nie, maar eerder in hulle grond, het hulle verkies om onder die beskerming van die Republiek te staan. Dit was heelwaarskynlik hierdie terugslag wat die Britse regering daar toe laat besluit het om die onafhanklikheid van die Republiek langs 'n ander weg te beëindig.¹³ President Burgers het perspektief gehad en dadelik besef dat hy vinnig sou moet handel indien hy die onafhanklikheid van die Republiek sou wou waarborg. Binnelands sou hy sonder aarseling die Republiek op 'n gesonder basis moes plaas. Ook moes hy vir die Republiek vriende in die buiteland soek. Om die Republiek dus binnelands ekonomies sterk en daarmee onafhanklik te maak, was 'n buitelandse handelsverkeer essensieel. Gepaardgaande hiermee dan ook 'n eie spoorweg, verbind met 'n nie-Britse hawe. Deur middel van die stigting van 'n Boerekoerant, *De Volksstem*, onder die redaksie van Jan F. Cilliers, wou die President sy posisie verstewig. Sy onderwyswet wat bedoel was om die geestespeil van die volk te verhoog, is later onregverdiglik as propagandemiddel teen hom gebruik. Dit is

10. *Natal Witness*, 4 Februarie 1876.

11. Krüger, D. W.: *Paul Kruger, Deel I*, pp. 101-2 en ook p. 105.

12. *Natal Witness*, 4 Februarie 1876.

13. Van der Walt e.a.: *op. cit.*, p. 388.

tragies dat die oorgrote meerderheid van die burgers nie kon insien dat al die verset teen die President se hervormingsplanne nie teen die President self gemik was nie, maar in werklikheid teen die onafhanklikheid van die Republiek. President Burgers het geweet dat as die Republiek staande wou bly, hy binnelands sterk moes wees om die druk van buite te weerstaan. Die President se beleid dienooreenkomsdig hierdie opvatting, het aanleiding gegee tot die miskenning van sy pogings om die Republiek te beveilig teen aanslae van buite. Die Britse uitbreidingsbeleid was vir die meerderheid van die burgers van die Republiek iets vreemd en onwerklik — die werklike en wesenlike gevvaar wat die onafhanklikheid van die Republiek bedreig het, kon hulle nie insien nie.

President Burgers het in April 1875 in Europa aangekom. In Nederland het hy besondere belangstelling vir die Republiek se saak opgewek, asook in België en Portugal. Ook die *Natal Witness* maak melding van hierdie sukses: „Mr. Burgers seems to have become popular in Europe by the exhibition of precisely those qualities in which he differs from most of his countrymen here.”¹⁴ Die President was 'n galante, geniale man wat met die grootste gemak met mense kon omgaan. Sy goeie skool- en universitaire loopbaan het aan hom, anders as by die later president Kruger, 'n afgerondheid en verfynheid besorg wat hom maklik aanvaarbaar gemaak het. In dieselfde jaar is daar egter in Engeland besluit om 'n kampanje teen president Burgers te begin, ten einde hom, die grootste struikelblok op die pad na 'n federasie, uit sy amp te lig. Toe die President dan ook in April 1876 in die Republiek terugkom, het hy toestande gevind wat hom tot onrus gestem het. Britse propaganda het die openbare mening geleidelik teen hom gaande gemaak.

Dit was eintlik die Sekoekoene-oorlog wat Carnarvon die kans sou bied om die Suid-Afrikaanse Republiek te anneks. Dat dit nou juis Bantoe-aangeleenthede sou wees wat 'n groot rol sou speel, is nie moeilik te begryp nie. Alhoewel die oorlog met Sekoekoen nie in die minste 'n rede was vir die anneksasie van die Republiek nie, is dit tog van betekenis in dié opsig, dat die Bantoe deur 'n buitelandse moondheid gebruik is om sy eie belang in Suid-Afrika te bevorder. Carnarvon was nie eerlik in sy optrede nie — hy het na redes gesoek om te anneks en hy sou dan ook enigsins aangryp wat vir hom maar enigsins van nut sou wees. Die *Natal Witness* was miskien meer opreg toe hy in 1874 insake Bantoe-aangeleenthede skryf: „Putting aside alle other reasons for promoting the early federation of the States of South Africa, there is one all-powerful reason — self-preservation — which demands instant and practical attention to the subject. Everywhere the black population is rapidly increasing, . . .”¹⁵

Die Sekoekoenoorlog was vir president Burgers die begin van die einde. Ofskoon Sekoekoen hom later aan die gesag van die Republiek onderwerp het, sou die verlies aan prestige ten tye van die aanvanklike nederlaag van die Republikeinse troepe, nie deur president Burgers ingehaal kon word

14. *Natal Witness*, 4 Februarie 1876.

15. *Ibid.*, 27 Januarie 1874.

nie. Die feit dat die President die troepe vergesel het, het die verlies van prestige vir die President ook die verlies van prestige vir die Staat beteken. Gepaardgaande met hierdie terugslag vir die staatshoof, het nou ook die buitelandse faktor op die horison verskyn. Carnarvon self was nie baie ernstig om hom op hoogte van sake te bring betreffende die Sekoekoenaangeleentheid nie. Ten spyte van Froude se oortuiging dat die konfederasie langsaam en vanself moes kom, en uit die vrye wil van die Suid-Afrikaanse gemeenskappe, was Carnarvon vasbeslote om sy plan deur te voer.¹⁶ Die beoogde konfederasie, waartydens die toekoms van Suid-Afrika bespreek sou word, sou wel op die 22ste Oktober 1875 in Londen gehou word. Die belangrikste verteenwoordiger op die konferensie was Theophilus Shepstone, vir dertig jaar lank die Sekretaris vir Naturelle-Sake in Natal. Afgesien daarvan dat hy Natal op die konferensie sou verteenwoordig, het hy ook na Londen gegaan om 'n sirskap van koningin Victoria te ontvang. Die samestelling van die konferensie het mislukking voorspel, wat dit op die ou end in die geheel dan ook op uitgeloop het. Toe Sir Henry Barkly op 25 Augustus telegrafeer dat Sekoekoen president Burgers verslaan het, en dat 'n vergadering op Lydenburg besluit het om Brittanje te versoek om die Republiek te anneksieer, was Carnarvon vuur en vlam. Na die mislukking van die konferensie het Carnarvon hierin sy kans gesien en, handelende op grond van twyfelagtige inligting, het hy Shepstone byna onmiddellik na Suid-Afrika teruggestuur met die geheime opdrag om te anneksieer en sodoende „ . . . to secure the peace and safety of our said colonies and our subjects elsewhere.”¹⁷ Die motief tot anneksasie sou Shepstone self moes vind.

Intussen sou die naderende presidentsverkiesing sake binnelandse erg vertroebel. Teen hierdie tyd was president Burgers reeds erg ongewild en die oorlogsbelasting van September 1876, wat die Volksraad genoodsaak was om te hef, was in 'n groot mate die laaste strooi. Paul Kruger het as presidentskandidaat al sterker na vore getree.¹⁸ Ofskoon Kruger die President as liberalis en vrymesselaar sterk veroordeel het, was daar tog sekere eienskappe in Burgers wat hy sterk gerespekteer het. In 'n brief aan Piet Joubert stel hy dit sterk dat president Burgers 'n kampvegter vir die onafhanklikheid van die Republiek is. Hy veroordeel verder die poging om Frank Reitz van die Vrystaat as presidentskandidaat te nomineer. In hierdie verband skryf hy: „Ek sê: liewer tienmaal vir Burgers as iemand in die buiteland . . . Broer, ek het geen persoon in die oog nie, maar ons onafhanklikheid.”¹⁹

Die presidentsverkiesing sou egter nooit plaasvind nie. Sir Theophilus Shepstone het uit Londen aangekom met 'n geheime opdrag. Hy stel die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek in kennis dat hy van voorname is om Pretoria te besoek ten einde te beraadslaag insake die binnelandse rusteloosheid. Hierdie binnelandse rusteloosheid, so het hy voorgegee,

16. Uys, C.: *In the Era of Shepstone*, p. 166.

17. Haggard, R. H.: *op. cit.*, p. 73.

18. Kruger, D. W.: *op. cit.*, p. 115.

19. *Ibid.*, p. 116.

sou dan ook 'n bedreiging wees vir die veiligheid van die Britse kolonies in Suid-Afrika. Sommige in Pretoria het beslis suspisie teenoor die hele aangeleentheid gestaan, maar presies wat Shepstone in die skild gevoer het, het niemand geweet nie. Carnarvon se opdrag aan Shepstone, soos ook dié aan Sir Bartle Frere, nuwe Kaapse Goewerneur en Hoë Kommissaris vir Suid-Afrika, moes vir die Transvalers 'n geheim bly.

Die Zoeloe-gevaar op die Republiek se grens was vir Rider Haggard die vernaamste rede waarom Shepstone oorgegaan het tot anneksasie. Hy



Sir Theophilus Shepstone en Personeel. Anneksasie van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1877.

(Foto: Killie Campbell-biblioteek)

skryf: „Indeed not long after we reached Pretoria the news came to us that the Zulus were waiting in a chain of ‘impis’, or armies along the frontier, prepared when the signal was given to sweep in and put man, woman and child to the assegai. It was his fear that this bloody design would be carried out which pushed on Shepstone to place the land under the protection of the Queen, knowing as he did that in their penniless and utterly disorganized condition, without an effective government, or cannon, or reserves of ammunition, the Boers had not the slightest chance of resisting the Zulu hordes. They would have been wiped out up to or perhaps beyond Pretoria.”²⁰ Carnarvon se opdrag aan Shepstone neutraliseer egter hierdie

20. Haggard, R. H.: *op. cit.*, p. 81.

verklaring van Rider Haggard. Teen diégene wat die onafhanklikheid van die Suid-Afrikaanse Republiek wou handhaaf, was hierdie tipe van politiek 'n goeie wapen, aangesien dit ook onder andere bedoel was om buitelandse opinie 'n rat voor die oë te draai. Britse Imperialisme kon dit nie waag om oop kaarte te speel nie.

By sy aankoms in Pretoria op 22 Januarie 1877 is Shepstone en sy gevolg entoesiasties ontvang deur „ . . . everyone, whatever his nationality, (who) was utterly sick of the Boer régime . . . ”²¹ Die eintlike rede vir Shepstone se koms na Pretoria het geleidelik begin deurskemer. Paul Kruger en dr. Jorissen sou namens die regering met Shepstone onderhandel. Die indruk wat Paul Kruger tydens die onderhandelings gelaat het, was goed. Onder andere skryf Haggard van hom: „We saw a good deal of 'Oom Paul' in those days, for on several occasions he visited the Special Commissioner. Generally I showed him in and out, and I recollect that the man impressed me more than did any of the others Boers.”²² Aan die end van die derde dag het Kruger 'n einde gemaak aan die besprekings. Geleidelik het dit begin deurdring dat hulle hier te doen het met niks minder nie as blote intringing in die huishoudelike sake van die Republiek.

Sir Theophilus Shepstone en president Burgers het mekaar byna daagliks ontmoet. Dit het duidelik geword dat Shepstone baie graag die Republiek se steun tot 'n algemene Suid-Afrikaanse federasie wou verkry. In hierdie dae was Shepstone dan ook uitermate verlig toe die presidentsverkiesing uitgestel is, want hy het geweet dat hy met die wispelturige president Burgers veel makliker sou kon onderhandel as met die beginselvaste Paul Kruger.²³ Shepstone het nou meer aanmatigend begin optree, terwyl president Burgers meer en meer 'n instrument in sy hande begin word het. Die anneksasie-drama het op 1 Maart die hoogtepunt bereik toe die Uitvoerende Raad aan Shepstone 'n onderhoud toegestaan het. Van hierdie byeenkoms skryf professor Uys: „Time and again Kruger forced Shepstone into difficulties, but Burgers came as often to the rescue. Questions put directly to Shepstone were answered by the President leaving the impression that he, rather than Sir Theophilus contemplated the annexation of the Republic.”²⁴ Tevergeefs het Paul Kruger in die Uitvoerende Raad sowel as in die Volksraad geveg vir die behoud van die Republiek. Anneksasie het onvermydelik blyk te wees: die land was verdeeld, die skatkis was leeg en daar was geen militêre mag om Shepstone te verhoed om sy planne deur te voer nie. Op 12 April 1877 het M. Osborn, terwyl die Vierkleur stadig neergehaal is, op die Pretoriase kerkplein die anneksasie-proklamasie voorgelees. In sy kantoor in die regeringsgebou het president Burgers sy laaste reëls as regeringshoof neergeskryf:

21. Ibid., p. 79. Sien ook Krüger, D. W. *op. cit.*, p. 121.

22. Haggard, R. H.: *op. cit.*, p. 97.

23. Krüger, D. W.: *op. cit.*, p. 123.

24. Uys, C.: *op. cit.*, p. 352.

„Nooit sterwe de haat tegen het Britsch Gouverment in mijn geslacht noch in dat van mijn arm volk.
„Zoo helpe ons God!”²⁵

Rider Haggard skryf dat die proklamasie geesdriftig ontvang is deur die skare wat dit aangehoor het, maar terselfdertyd moes hy darem ook erken dat die skare grotendeels bestaan het „ . . . of English folk or of those who were not unsympathetic.”²⁶

As administrateur van die Transvaal het Shepstone nie veel sukses gehad nie. Die finansiële posisie kon hy nie verbeter nie en geleidelik het die uitlanderbevolking die Shepstone-administrasie begin aanval. Daar is selfs 'n anti-Shepstonepetisie na Downingstraat gestuur. Shepstone se ontslag was vir hom persoonlik 'n geweldige nederlaag. Toe hy in 1884 aan Rider Haggard skryf, was hy 'n verbitterde en ontnugterde man en het hy die Britse regering se optrede in Suid-Afrika heftig aangeval. Hy skryf: „The fact is that the Treasury at Home have made a fierce and ungenerous attack on my Transvaal accounts, and threaten to surcharge me with all items to the extent of several thousand pounds for which receipts or vouchers of some sort are not forthcoming . . . The officers of the Treasury have reflected upon my personal honesty, and Mr. Courtney has amused himself by writing some facetious paragraphs; this has of course furnished more or less amusing reading for the society journals . . . Meanwhile the Treasury withhold my pension . . . As things have turned out, it was a fortunate thing that you left this country when you did. Our condition as Englishmen, or rather the condition of our Government in regard to this country, reminds me strongly of the craven soldiers under Baker Pasha when they were beaten by the Arabs at Feb: they are described as meekly kneeling to meet their fate.”²⁷ Dit is met hierdie brief in gedagte dat Haggard skryf: „How shocking, how shameless was the treatment meted out to Shepstone personally — I presume for purely political reasons, since I cannot conceive that he had any individual enemies . . . ”²⁸

In 1892, 'n jaar voor sy dood, skryf Sir Theophilus sy laaste brief aan Rider Haggard en vind hy dit moeilik om nie weer sy gedagtes te laat gaan oor die anneksasie en dit wat alles daaruit gevloeи het nie. As hy die volgende skryf, kom voor ons te staan 'n man wat neergedruk is deur 'n laaste fase mislukte openbare lewe: „I do not think at present it is fashionable to look upon either myself or my work with much approval. I cannot however, help thinking that if some of my views and advice had been acted on, we should have avoided the national disaster and disgrace that took place. The Boers did not really want to fight, and we are always pusillanimous enough before we make up our minds to begin, so we did not want to fight either, but it appears that the Home Government did want to undo the annexation. Nothing could have been done more easily, or have looked more gracious to those concerned. Why not have plainly

25. Van der Walt e.a.: *op. cit.*, p. 407.

26. Haggard, R. H.: *op. cit.*, p. 105.

27. *Ibid.*, pp. 122-3.

28. *Ibid.*, p. 122.

told met their wish and authorised met to carry it out? We should have parted with embraces and the best of mutual good feeling; as it is, we have earned the contempt as well as the hatred of the Boers, and very much puzzled the native races, who, from considering us their staunchest and most powerful protectors have come to look upon us as the most unreliable of friends . . . ”²⁹

By sy dood in 1893 skryf Rider Haggard in 'n huldeblyk aan Sir Theophilus Shepstone: „His declining years were spent in complete retirement under the shadow of official neglect; and in the midst of pressing public and social events the news of his death seems to have excited little notice in this country (England). Indeed, it may be said that before he died he was already forgotten so far as the English public is concerned.”³⁰ Ten opsigte van die anneksasie van die Suid-Afrikaanse Republiek skryf hy: „Looked at from the point of view of statemanship, it is possible that the annexation was a mistaken act. . . . Sir Theophilus finding the Boers obdurate and adverse to his proposals, had withdrawn to Natal, the destinies of South Africa must have been changed, and in all human probability no Dutch or Zulu question could ever have arisen. Moreover this country would have been spared two humiliating and disastrous wars, for then, whatever the event of the struggle, the Boer and the Zulu would have reduced each other to importance and fallen naturally and without remonstrance into the circle of the British Empire. Sir Theophilus Shepstone foresaw this; but it was here that he showed his weakness as a politician.

„The certainty of immediate bloodshed outweighed in his mind the prospect of future political advantages, and to the ultimate sorrow of all and the humiliation of England, he annexed the South African Republic.”³¹

Haggard sien die gevolge van die anneksasie duidelik en nugter, maar, soos reeds vroeër daarop gewys, kan daar nie eintlik waarde geheg word aan sy verklaring ten opsigte van die motiewe tot anneksasie nie. Aan sy voorspelling dat die Boere en die Zulu „. . . (will) naturally and without remonstrance (fall) into the circle of the British Empire”, kan ons min waarde heg. Voorspellings vir die loop van die geskiedenis was nog altyd gevaarlik. Heelwaarskynlik, indien die anneksasie nie deurgevoer is nie, sou die opkomende Paul Kruger president Burgers by die komende presidentsverkiesing verslaan het, wat die hele opset van die Suid-Afrikaanse Republiek se binne- en buitelandse beleid sou verander het. Was dit dan nie juis hierdie moontlike beleidsverandering wat Shepstone gevrees het nie!

Ten slotte is dit interessant om die volgende insake Shepstone uit die pen van dr. Jorissen te kry: „Het is mij onmogelijk, na zoovele jaren niet een woord van waardering uit te spreken voor een man, die nu misschien, 20, 30 jaar later, een der leidende staatsmannen van Zuid-Afrika zou zijn

29. Brief van Shepstone aan Haggard aangehaal deur laasgenoemde in *South Africa*, 8 Julie 1893.

30. *South Africa*, 8 Julie 1893.

31. Ibid., p. 77. In die laaste paragraaf het Haggard in gedagte die Zoeloe-gevaar wat hy persoonlik as die vernaamste rede vir Shepstone se anneksasie van die Suid-Afrikaanse Republiek beskou het.

geweest, om tot stand te brengen wat wij allen verlangen: een vereenigd Zuid-Afrika, vrij van elken Europeeschen invloed. Als Transvaler vergeef ik hem wat hij in April 1877 heeft verricht. Ik heb de overtuiging dat hij het wel meende met ons arme Transvalers omdat hij een onzer was.

„De Britsche regeering heeft hem laag behandeld. Het komt mij voor, dat Sir Bartle Frère, ik weet niet door welke vlieg van jalouzie gestoken, het zijne daaraan heeft toegedaan.

„Sir Theophilus Shepstone en Sir Bartle Frère: een Afrikaner-tegenover een Jingo!”³²

Dit is heel natuurlik dat ons bedenkinge sal nahou op dr. Jorisson se voorspellings insake Shepstone se moontlike staatsmanmoontlikhede en Afrikanerskap. Shepstone sou geen staatsman kon wees nie. Ook sou sy verenigde Suid-Afrika 'n verenigde Suid-Afrika onder 'n Britse vlag wees. Die interessantheid en waarde van dr. Jorissen se woorde lê daarin, dat ook hy die Britse regering se optrede teenoor Shepstone sterk veroordeel, veral as ons in gedagte hou dat dr. Jorissen na die anneksasie heeltemal 'n ander dr. Jorissen as voor die anneksasie was.

Eerder moet ons Theophilus Shepstone onthou as die groot kenner en administrateur van en vir die Bantoe. As Rider Haggard van Shepstone sê „ . . . indeed, lack of ambition was one of the keynotes of his character” moet hy dieselfde artikel afsluit met: „In Sir Theophilus Shepstone has died a man whose exact counterpart the world will never see, for whatever happens in time to come the circumstances that shaped him and which in turn he helped to shape, can arise no more. No man has lived who had so wide an authority over the native races from the Zambesi to the Cape, or who won their esteem and love with so great completeness.

„Ministers rose and fell, governors came and went, but so far as the Bantu peoples were concerned Sompseu was the chief, his was the voice of authority, and his the wisdom of counsel.”³³

Aan hom het die Bantoe die naam van Somtseu — die groot vader — gegee.

O. Geyser.

32. Jorissen, E. J. P.: *Transvaalsche Herrinneringen*, 1876-1896, p. 27-28.

33. *South Africa*, 8 Julie 1893.